# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 66e Uitgawe 3 Julie 2015 saam met Koersvas 66

## DIE EREDIENS

### 1. Inleiding

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (**GHG**) se selfverstaan is dat dié gemeentes 'n voortsetting is van die NHKA pre-2010. Die GHG vind aansluiting by die Reformatoriese teologie wat die Bybel as grondslag aanvaar en erken daar was voor 2010 reeds ander problematiese teologiese kwessies soos die bevraagtekening van die historiese liggaamlike opstanding van Jesus en die maagdelike verwekking, sake wat in die Staat van Belydenis aangespreek is. Hierdie voortsetting van die Voortrekkerkerk word verstaan in terme van teologie, historiese bewussyn en die inrigting van eredienste.

Sonder om voorskriftelik te wees, sal die Bond konsensus rondom liturgie tydens die komende vergadering oorweeg. Die vorige Bondsvergaderings het reeds besluit dat besoekende lidmate ook tuis moet voel omdat hulle dan die liturgie reeds ken en verstaan.

Die sobere inrigting van die erediens vind gestalte in die inkleding van die liturgiese elemente wat in die erediens gevind word. Die GHG het gekies om hierdie benadering te handhaaf. Die onafhanklike aard van die gemeentes beteken dat daar geen voorskriftelikheid sal wees nie. Tog is daar 'n behoefte dat eredienste se basiese struktuur bekend moet wees. Bondslidmate moet by 'n ander Bondsgemeente kan instap, dadelik tuis voel en met rustigheid kan deelneem aan die erediens.

Die voorgestelde liturgieë sal as riglyn verstaan moet word. Gemeentes moet na hulle eie aard en omstandighede die diens kan inklee. Tog is konsensus oor die basiese elemente van groot belang. Die Skietlood wil nou reeds hierdie gesprek stimuleer en stel die volgende as **moontlike** basis vir gesprek:

### 2. Die Erediens

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en gelowiges. Ons verstaan dat die Here oral teenwoordig is. Die erediens is by uitstek die geleentheid waar die Here in die besonder teenwoordig is en in gesprek tree met die gelowiges. Hieruit kan ons aflei dat die erediens die geleentheid is waar God teenwoordig is en waar daar 'n gesprek tussen God en gelowiges plaasvind.

Die erediens reflekteer die elemente van hierdie gesprek en word so ingerig om hierdie gesprek tussen God en gelowiges te fasiliteer.

Gelowiges gaan na die erediens in die verwagting dat hulle God daar in die gemeenskap met ander gelowiges gaan ontmoet en dien. God se genade is so groot dat daar in die gesprek tussen God en gelowige die wonder gebeur dat God die mens wat gekom het om te dien met die Evangelie voed en bedien. Selfs al sou dit gebeur dat nie elke preek ewe verstaanbaar of relevant vir alle gelowiges is nie, neem dit nie weg van die gebeurtenis van die erediens nie. Die eerste doel van die erediens is om 'n geleentheid te skep waartydens ons God kan dien. Die boodskap in die preek is tweede saak en genade. Dit is 'n wonderlike voorreg om Sondag in direkte gesprek met God te kan tree.

Die verloop van die erediens as gesprek kan daarom so verstaan word:

- Die seëngroet wat die predikant uitspreek, is God wat die gemeente groet,
- die loflied is die gemeente se antwoord op hierdie groet.
- Die Wet is God wat die gemeente vertel wat Hy wil hê en

- die skuldbelydenis (meestal 'n lied) is die gemeente wat skuld bely.
- Die genadeverkondiging is God wat by monde van die ouderling die gemeentes hulle sondes vergewe (Ons sondes is reeds vergewe toe Christus namens ons aan die kruis gesterf het. Hierdie vergifnis word telkens opnuut verkondig na skuldbelydenis).
- Daarop antwoord die gemeente (onder leiding van die ouderling) met 'n geloofsbelydenis (en lied).
- Die Skriflesing is God wat deur Sy dienaar praat,
- die gebed en sang is die gemeente se antwoord.
- Die preek is God wat praat (die slotwoorde van die preek; 'so spreek die Here') en
- die gebed en sang is die gemeente se antwoord.
- God groet aan die einde Sy gemeente en almal gaan in vrede huis toe.
- Die offergawes wat by die deur gegee word, is 'n tasbare onderneming om barmhartig te wees soos die Here barmhartig is.

Die tendens by sekere kerke om aspekte soos wet en belydenis uit te laat (en na bewering in gebed of lied in te werk) kom neer op die verskraling van 'n gesprek wat geformaliseer is. Kom ons gaan kyk van nader na die aspekte van die gesprek.

**3. Seëngroet**

Dit is haas ondenkbaar dat die mens in so 'n ontmoeting met God eerste of laaste sal praat. Die erediens begin en eindig met die uitspreek van die seën. Die seën word in opdrag van die Here (Numeri 6) uitgespreek. Daar is verskeie seënbedes wat gebruik kan word, nie almal trinitaries in vorm nie, maar almal trinitaries in beginsel. Die predikant spreek met uitgestrekte hand(e) die seën uit.

- Numeri 6:23 - 27 "*Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"*
- I Korintiërs 16:23 "*Die genade van die Here Jesus sal by julle wees*!"
- 2 Korintiërs 13:14 (13:13) "*Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees*."
- Galasiërs 6:18 "*Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle wees! Amen."*
- Efesiërs 6:24 "*Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet."*
- Openbaring 1:4 -5 "*Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde."*

**4. Liedere**

Elke lied is antwoord op God se Woord. Liedere word op verskillende maniere aangewend in antwoord op God se teenwoordigheid. Die loflied is in dankbare antwoord op God se groet en die gemeente jubel in die gesprek wat deur God begin is. Sommige liedere is duidelike skuldbelydenisse wat tuishoort by tugpreke en die voorlees van die wet, ander weer dankliedere na 'n genade verkondiging of God se groet . Somtyds is 'n lied net 'n gebed. Elke lied wat gesing word, skakel in by die ritme van die erediens en op die plek waar dit gebruik word. Dit is die liturg se verantwoordelikheid om in samewerking met die ouderlinge die liedere so te gebruik dat dit die ontmoeting met God verryk.

Die eerste 150 liedere is Psalms en word ook so aangedui en genoem - PSALM. Die ander liedere wat gesing word, is Gesange soos vervat in die Liedboek en word as GESANG aangedui. Die liedskat van die kerk is wyer as die 2001 Liedboek. Daar is bekende en baie bruikbare Psalms en Gesange in vorige uitgawes van die Reformatoriese Afrikaanse kerke se liedskat. Die Bondsvergadering het ook besluit dat hierdie Psalms en Gesange met vrymoedigheid gebruik kan word as deel van ons Reformatoriese liedskat.

**5. Die Wet**

Die Wet word gelees om God se wil aan te dui ten opsigte van etiek. Die twee funksies van die Wet moet ook in die liturgie afwisselend gebruik word.
Die Wet is beide

- tugroede na Christus toe
- en reël van dankbaarheid.

Die Wet kan met ander woorde gebruik word om die mens se sonde uit te wys of om die mens te wys hoe om dankbaarheid uit te leef.
Die antwoord op die Wet as tugroede na Christus, is 'n skuldbelydenis by wyse van 'n lied.
Die wet as reël of riglyn tot dankbaarheid word beantwoord met 'n toewydingslied of lied vol voornemes, *"neem my lewe laat dit Heer".*
Die uitgebreide Wet en die opsommings kan afwisselend gebruik word.

- Eksodus 20:1–17
- Deuteronomium 5:6–21
- Matteus 24:34–40
- Markus 12:28–34

**6. Genadeverkondiging**

Die genadeverkondiging is as noodsaaklike genadewoord van God (by monde van die ouderling), iets wat moet volg op die skuldbelydenis van die gemeente. Dit is nie die Roomse "ek vergewe jou" (*ego te absolvo*) nie, dit is 'n Skrifgefundeerde versekering dat God die mens se sonde vergewe het. Die ouderling kan met vrymoedigheid vergifnis verkondig.

**7. Die Geloofsbelydenis**

Die Geloofsbelydenis is 'n integrale deel van die erediens. Die gebruik om geloof te bely as respons op die genadeverkondiging, is van vroeg af deel van die Reformatoriese tradisie. Daar is twee gedagtebane oor die gebruik van die geloofsbelydenisse in die erediens.
Die eerste gedagte is dat die Wet, die Skuldbelydenis en genadeverkondiging, net die 12 Artikels (*Apostolicum*), die Onse Vader (modelgebed) en die prediking (en sakramente) die basis van die Reformatoriese liturgie beslaan. Die *Apostolicum* word gebruik omdat dit net soos die Wet en die modelgebed in die Kategismus en kategese geleer en verduidelik word.
Die keersy van die munt is dat ons drie Geloofsbelydenisse het en dat ons al drie moet leer ken. Die voorlees van die Geloofsbelydenis is iets wat herinner, geloof vestig en bevestig, katkiseer en laat nadink. Juis daarom is dit nodig dat daar in die voorgestelde liturgieë van al drie gebruik gemaak word.
Dit is die belydenis na Athanasius vernoem wat waarskynlik die beste ingespan kan word tydens 'n Kategismus preek. Die gebruik om die gemeente saam te laat voordra, is iets wat eie aan die aard van die spesifieke gemeente sal wees.

**8. Gebed**

Gebed is antwoord. Dit kan geskied by monde van die Onse Vader, enige ander gebed deur die predikant of by wyse van 'n ander Psalm of Gesang. Tradisioneel is die eerste gebed gerig op Woord en verkondiging en die tweede as voorbidding vir alle menslike behoeftes en sake. Daar hoef nie twee gebede te wees nie, dit is wel noodsaaklik dat daar ten minste een gebed in die liturgie plek sal kry.

**9. Skriflesing en prediking**

Die Skriflesing (gedoen deur predikant, ouderling of persoon daarvoor aangewys) is van groot belang. Ons glo dat die Bybel die Woord van God is. Dit beteken dat God self aan die woord kom met die Skriflesing.

Skrifgefundeerde prediking is eie aan die Reformatoriese tradisie. Dit is vanselfsprekend dat daar Skriflesing en prediking sal wees, selfs ten tye van besondere dienste soos 'n Kerssangdiens. Die aard van die preek gaan afhang van die besondere situasie.

By geleentheid van die bediening van die sakramente, kan die preek self korter wees. Die preek as uitleg van die Skrif, is met ander woorde God wat aan die woord kom deur swakke mense-woorde te gebruik. Die preek se slotwoorde (hardop uitgespreek of veronderstel) is altyd "so spreek die Here".

Die inhoud van die formuliere kan verstaan word as vaste Skrifuitleg, en daarom gebruik word as aanvullende prediking. Die Skietlood 64 het reeds gewys op die kategetiese funksie van die formuliere.

**10. Formuliere en sakramentsdienste**

Die voorlees van die formuliere tydens sakramentbediening is noodsaaklik. Die feit dat die sakramente sigbare, tasbare verkondiging van die Evangelie is, maak die voorlees van die formuliere noodsaaklik.

Formuliere is 'n besondere vorm van Skrifuitleg wat die betekenis van die sakrament verwoord, die gebeurtenis formaliseer en kategetiese aspekte het.

Indien die Ouderlinge kies om Nagmaal en Danksegging in een diens saam te bring, kan die tweede Woordverkondiging plaasvind na die Nagmaal en kan die Nagmaal formulier dien as eerste geformuleerde formele verkondiging. By die doop word die formulier gelees voor die bediening van die sakrament. Die vrae aan die ouers gaan immers die fisiese doop vooraf.

**11. Seëngroet**

God groet Sy gemeente met die uitspreek van die seën. **God het eerste woord en laaste woord.**

**12. Deurkollekte**

Die deurkollekte verteenwoordig die vaste voorneme deur lidmate om barmhartigheid te gaan bewys, net soos wat die lidmate barmhartigheid ontvang het tydens die erediens.

Ten slotte: Hierdie verstaan van die erediens **- as ontmoeting en formele gesprek met God -** kan dien as model vir die debat rondom die liturgiese ordes wat die Bondsvergadering kies. Eers sal die Bond konsensus moet bereik dat ons die erediens steeds so verstaan. Die erediens konstitueer immers die Kerk, beweer Die Skietlood.